# Lewensoriëntering

KOSTER
GEKOMBINEERDE SKOOL

## BESKRYWING VAN DIE VAK:

Lewensoriëntering dien as kernvak om leerders te ontwikkel en te oriënteer vir die eise en realiteit van die lewe. Leerders word daarom aan 'n verskeidenheid van temas blootgestel. Volgens die Nasionale Kurrikulum en Assesseringbeleidsverklaring (KABV) is Lewensoriëntering die studie van die self in verhouding tot andere en tot die samelewing. Vaardighede, kennis en waardes oor die self, die omgewing, verantwoordelike burgerskap, 'n gesonde en produktiewe lewe, sosiale betrokkenheid, ontspannings- en fisiese aktiwiteite, loopbane en loopbaankeuses word behandel. Geleenthede om betrokke te raak by die ontwikkeling en praktyke van 'n verskeidenheid lewensvaardighede om probleme op te los, om ingeligte besluite en keuses te maak en om gepaste aksies te neem asook om betekenisvol en suksesvol in 'n snelveranderende samelewing te leef, word ingesluit. Dit fokus nie net op kennis nie, maar dit beklemtoon ook die belangrikheid van die toepassing van vaardighede en waardes in werklike lewensituasies, deelname aan fisiese aktiwiteite, en gemeenskapsinisiatiewe.

## INHOUD VAN DIE VAK:

**DAAR IS SES HOOFTEMAS WAAROP GEFOKUS WORD:**

1. Ontwikkeling van die self in die samelewing.
2. Maatskaplike en omgewingsverantwoordelikheid.
3. Demokrasie en menseregte.
4. Loopbane en loopbaankeuses.
5. Studievaardighede.

**VAARDIGHEDE WAT ONTWIKKEL WORD:**

Lewensoriëntering het dit ten doel om:

- leerders te lei en voor te berei om gepas te reageer op die lewe se verantwoordelikhede
- en geleenthede;
- leerders toe te rus om optimaal op 'n persoonlike, sielkundige, kognitiewe,
- motoriese, fisiese, morele, geestelike, kulturele en sosio-ekonomiese vlak
- met mekaar saam te werk;
- leerders te lei om ingeligte en verantwoordelike besluite te neem oor hul eie
- en ander se gesondheid en welsyn;
- leerders bloot te stel aan hul grondwetlike regte en verantwoordelikhede,
- die regte van ander en kwessies van diversiteit;
- leerders met kennis, vaardighede en waardes toe te rus sodat hulle
- ingeligte besluite kan neem oor vakkeuses, loopbane, addisionele- en hoër
- opleidingsgeleenthede en die beroepswêreld;
- leerders bloot te stel aan verskeie studiemetodes en die vaardighede met
- betrekking tot assesseringsprosesse; en
- leerders bloot te stel aan die begrip van die waarde van gereelde deel
- name aan 'n fisiese aktiwiteit.